# Die `vereniging' van die gemeentes onder leiding van die Prokurasiekommissie met die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1894

**S J Botha**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**
**'Merging' of the congregations under the guidance of the Procuration Commission with the Nederduitsch Hervormde Kerk in 1894**
*Ironically, the 'merging' spoken about in this paper was the final confirmation that the idealistic attempt to merge two of the three Afrikaans churches in 1885 was a failure. This paper looks into the event from the perspective of the history of the church and church policy.*

## 1. INLEIDING

Die 'vereniging' van 1894 waarna daar in die opskrif verwys word, was die finale bevestiging dat die kerkvereniging wat in 1885 tussen die Nederduitsch Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk aangegaan is, op 'n volslae mislukking uitgeloop het. Nie alleen het 'n baie groot deel van die Nederduitsch Hervormde Kerk onder leiding van die Konsulentsgemeente van Pretoria van die begin af buite die kerkvereniging gebly nie, maar met die 'vereniging' van 1894 het 'n baie groot getal van die Nederduitsch Hervormde lidmate wat wel in 1885 verenig het, weer deel van die Nederduitsch Hervormde Kerk geword. Dit is seker 'n bittere stuk ironie dat 'n kerklike vereniging die finale bevestiging moes wees van 'n geïdealiseerde kerkvereniging wat misluk het. Hoe ironies dit ook al mag klink, was dit feitlik onvermydelik waarop 'n strewe tot kerkvereniging, wat op sigself seker 'n edele ideaal mag wees, maar wat primêr en byna uitsluitlik op iets anders as kerklik-teologiese motiewe gebou is, moes uitloop (Engelbrecht 1953:281-301; Botha 1985:8-17; Pretorius 1986:603vv). Aan die ander kant was die 'vereniging' van 1894 'n gebeurtenis ten goede vir die Nederduitsch Hervormde Kerk. Volgens Engelbrecht het dit die statuur van die Nederduitsch Hervormde Kerk verhoog en is die lidmaattal van die kerk aansienlik versterk (Engelbrecht 1953:353).

* Referaat gelewer op 22 November 1994 tydens die kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Universiteit van Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die ou Voortrekkerkerk wat so ernstig deur die kerkvereniging van 1885 gedisorganiseer is, het daarmee weer minstens tweederdes van sy oorspronklike lidmatetal terug gekry en daarmee was die slag om die behoud en voortbestaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk gelewer (Engelbrecht 1953:327-357; Pont, Botha & Storm 1986:52-57). Terselfdertyd het hierdie vereniging voorkom dat die lidmate wat wel met die kerkvereniging saamgegaan het, maar onder leiding van die Prokurasiekommissie vanaf 1890 georganiseerd uit die verenigde kerk uitgetree het en in afsonderlike gemeentes georganiseer is, op die langeduur tot 'n afsonderlike kerk ontwikkel het.

Dat die woord 'vereniging' wat in die opskrif tussen aanhalingstekens geplaas is, het te make met die vraag of dit wel die korrekte term is om die gebeure van 1894 mee te beskrywe. Dit is opvallend dat Engelbrecht nie die term vereniging vir die bepaalde gebeure gebruik nie, maar wel woorde soos 'opname', 'aansluiting' en 'ineensmelting' (Engelbrecht 1953:352-353). In die lig van Pretorius se stelling dat kerkvereniging die 'saamgaan van gelykberegtigde kerke' is (Pretorius 1986:160), is Engelbrecht se vermyding van die woord vereniging en sy gebruik van woorde soos 'opname' en 'aansluiting' volkome logies en begryplik. Hy het dus nie die Prokurasiekommissie-groep as 'n afsonderlike kerk naas die Nederduitsch Hervormde Kerk gesien nie, maar as lidmate wat georganiseerd teruggekeer het na die Nederduitsch Hervormde Kerk. Tog dui sy gebruik van die term 'ineensmelting' op 'n betekenisskakering wat baie naby aan 'vereniging' in bogenoemde betekenis kan lê. Dit wil voorkom of hy so erkenning wou gee aan die siening van die deelnemers aan die gebeure van 1894 dat dit gegaan het om 'twee afdeelingen der Nederduitsch Hervormde Kerk' (Wolmarans s a:61). Dit bring die vraag na vore of hierdie siening kerkregtelik gesproke korrek was of nie.

## 2. DIE KERKVERENIGING VAN 1885.

Die oorsprong van die gebeure van 1894 lê by die kerkvereniging wat vanaf 1881 tot 1885 tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduitsch Gereformeerde Kerk onderhandel is en in 1885 gelei het tot die oprigting van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk. Aangesien die kerkvereniging al meermale uitvoerig behandel is, word hier slegs terwille van die volledige konteks, volstaan met enkele opmerkings.

Die drang tot kerkvereniging het sy oorsprong gehad op die nasionaal politieke terrein, waar die belewing van die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) 'n lewenskragtige eenheidstrewe en samehorigheidsgevoel wakker gemaak het onder sowel die koloniale Afrikaners van die Kaap as die republikeinse Afrikaners van die Oranje-Vrystaat en Transvaal. In Transvaal het die sterk nasionaal-politieke strewe veral op kerklike terrein 'n belangwekkende nawerking gehad waar dit gelei het tot 'n strewe na kerklike



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

eenheid deur kerkvereniging. So sterk was die politieke eenheidsgevoel dat die kerkvereniging beplan en uitgevoer is tenspyte van bedenklike gesindhede tussen die deelnemende partye. Bowendien is die vereniging deurgevoer op 'n wyse wat spreek van argeloosheid en oppervlakkigheid, waar die motivering nie op suiwer Bybels-kerklike gronde berus het nie en die oë gesluit is vir wesenlike en diepgaande verskille tussen die deelnemende partye. Noodsaaklike voorafgaande dieptestudie oor tersaaklike teologiese en kerkregtelike aangeleenthede is nie deur die kerk onderneem nie. Dit was asof die twee deelnemende kerke eenvoudig doof en blind geword het vir enigiets wat op enige wyse in die weg van die begeerde vereniging sou kon staan. Selfs goedbedoelde vermaninge tot versigtigheid uit die mond van volksleiers soos Paul Kruger, is eenvoudig geïgnoreer (Pont, Botha & Storm 1986:34).

Pretorius (1986:603-611) konkludeer dat daar minstens agt hoofredes was waarom die kerkvereniging misluk het naamlik:

* die nasionaal-politieke dryfveer in plaas van 'n kerklik-teologiese motivering;
* die feit dat al die onderhandelinge slegs op sinodale vlak gevoer is en die gemeentes nooit geraadpleeg is nie;
* die argelose wyse van optrede van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk tydens die onderhandelinge;
* die houding en optrede van die Algemene Kerkvergadering en die verenigingskommissie van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk;
* die teologiese verskille tussen die twee kerke waaraan tydens die onderhandelinge hoegenaamd geen aandag gegee is nie;
* die uiteindelike vasstelling van die naam van die verenigde kerk;
* die onkerkregtelike optrede van die eerste Algemene Kerkvergadering van die verenigde kerk teenoor die Konsulentsgemeente van Pretoria, en laastens;
* die verskil in opvatting of die vereniging van die begin af 'n 'nuwe' kerk daargestel het en of dit voorlopig was.

Hierby voeg Pretorius nog bydraende faktore wat tot die mislukking van die kerkvereniging meegewerk het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 3. DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK GEHANDHAAF.

Reeds voor die konstituering van die eerste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, die verenigde kerk, was die verbrokkeling van die vereniging aan die gang (Pretorius 1986:423). Hierin het die Konsulentsgemeente van Pretoria (vgl Engelbrecht 1953:327-352; Pont 1977:27-40; Pretorius 1986:382-395, 423-430), gesteun deur talle lidmate uit ander Nederduitsch Hervormde gemeentes, 'n bepalende rol gespeel.

Deur die foutiewe en onkerkregtelike leiding van ds H L Neethling, die voorsitter, het die eerste Algemene Kerkvergadering van die verenigde kerk die *de facto* en *de jure* bestaan van die Konsulentsgemeente ontken (Pont 1977:27-40). Afgesien van die feit dat die besluit *ultra vires* was, het dit enige moontlikheid om verder met die Konsulents-gemeente oor vereniging te onderhandel, afgesny. Die Konsulents-gemeente het daarom verklaar dat hy tevrede is om te bly wat hy nog altyd was, naamlik Nederduitsch Hervormd (Engelbrecht 1953:302-314).

Hierdie optrede van die Konsulentsgemeente, waarmee talle lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat van die begin af buite die kerkvereniging gebly het, hulle vereenselwig het, het verseker dat die Nederduitsch Hervormde Kerk gehandhaaf is. In 1882 het die Konsulentsgemeente van Pretoria wat hom intussen self vernoem het tot die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Pretoria (Engelbrecht 1953:308-309) in kombinasie met Standerton (Trichardsfontein) en Middelburg, ds M J Goddefroy uit die Nederlandse Hervormde Kerk beroep. Hy het die beroep aanvaar en na sy bevestiging op 30 September 1887 het hy as enigste predikant die gedisorganiseerde Nederduitsch Hervormde Kerk met insig en bekwaamheid gelei, gereorganiseer en weer op vaste koers geplaas (Botha 1981:60-80). Op 13 Februarie 1888 kom die eerste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk na die kerkvereniging weer byeen en neem belangrike koersgewende besluite met die oog op die heropbou van die Kerk (Botha 1981:63-82; Pont [1968]:202vv).

Die heropbou het nie sonder ernstige probleme en skerp teenstand geskied nie. Inteendeel, benewens die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk gedisorganiseerd was, het feitlik al die eiendomme in die hande van die verenigde kerk beland en dit het 'n bittere stryd wat selfs tot in die geregshof gevoer moes word, vereis om die eiendomme terug te kry (Botha 1981:92-95). Hierby was daar ook skerp aanvalle op sowel die Nederduitsch Hervormde Kerk as op Goddefroy as predikant van die kerk wat Goddefroy self gekwets en sy posisie bemoeilik het, en allerlei bedenkinge teen hom en die Nederduitsch Hervormde Kerk laat ontstaan het (Botha 1981:82-92).

Die Nederduitsch Hervormde Kerk het egter stadig maar seker weer herstel en talle lidmate wat wel verenig het, het spontaan begin terugkeer na hulle ou kerk. In 1891 het nog 'n predikant uit Nederland, ds J van Belkum, 'n beroep aanvaar na die Her-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vormde Kerk en daarna het nog meer predikante gevolg (Botha 1981:80-82). In 1894 sou ook nog diegene wat onder leiding van die Prokurasiekommissie uit die verenigde kerk getree het, hulle weer by die Hervormde Kerk aansluit.

## 4. DIE OPRIGTING VAN DIE PROKURASIEKOMMISSIE IN 1890

Baie lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk het wel met die kerkvereniging saamgegaan en talle van hulle het dit gedoen met die vaste oortuiging dat dit 'n voorlopige vereniging was wat eers finaal sou word by die vasstelling van die naam en die kerkwet van die verenigde kerk. Spoedig het baie, waarskynlik die meerderheid van hulle, begin besef dat die verenigde kerk in 'n totaal ander rigting gaan ontwikkel as wat hulle gedink en gehoop het. Dit het veral duidelik begin word dat die verenigde kerk nie die voortsetting sou wees van die Nederduitsch Hervormde Kerk, die grootste van die twee deelnemende kerke nie, maar eerder van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk. Begryplik het dit ontevredenheid veroorsaak en die ontevredenheid is verder vererger vanweë die talle 'nuwighede' waarmee hulle nou te doen gekry het soos onder andere bidure en Moody- en Sankey-liedere (Engelbrecht 1953:327vv). G D Scholtz noem onder die nuwighede ook nog die spesiale of opwekkingsdienste (Scholtz s a:78).

Talle van hierdie lidmate het sonder versuim die verenigde kerk verlaat, terwyl ander sonder sukses probeer het om die verenigde kerk in 'n Hervormde rigting te laat beweeg deur te versoek dat die verenigde kerk die kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk moes aanvaar (Botha 1969:113). Die ontevredenheid binne die verenigde kerk het 'n hoogtepunt bereik met die vasstelling in 1889 van die naam Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk as naam van die verenigde kerk. Trouens voor dieselfde Algemene Kerkvergadering van 1889 waar die naam van die kerk vasgestel is, het 'n memorie uit Standerton met veertig handtekeninge gedien waarin versoek is dat die vereniging verbreek moes word (Engelbrecht 1953:333).

Dit was duidelik dat die kerkvereniging finaal oppad was om op die rotse te loop. By die volgende Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Mei 1890, het daar uit verskillende oorde proteste ingekom wat onder andere beswaar aangeteken het teen die vasstelling van die naam, die onregmatige toeëiening van eiendomme van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die aanmatiging om op regte aanspraak te maak wat die Algemene Kerkvergadering nie toegekom het nie (Wolmarans s a:20-21). Die betrokke Algemene Kerkvergadering het op aanbeveling van 'n kommissie al die proteste van die hand gewys en verklaar dat die vasstelling van die naam van die kerk 'n afgehandelde saak was en dat die eiendomme van die twee deelnemende kerke nou op naam van die verenigde kerk getransporteer sou word (Notulen der Algemene Kerkvergadering van de Ned Herv of Geref Kerk [= N H of G] Mei 1890:110-114).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dit is duidelik dat die protesterendes van oortuiging was dat die Nederduitsch Hervormde Kerk nie by die aangaan van die kerkvereniging opgehef is nie, maar steeds in die 'voorlopige' vereniging bly voortbestaan het. Die voorwaardes tot vereniging, so het hulle geoordeel, het deur die optrede van die Algemene Kerkvergadering van die verenigde kerk in 1889 in gedrang gekom en daarom het hulle ook geoordeel dat hulle hulle van die vereniging kon onttrek (Engelbrecht 1953:334).

Dit het tot die oprigting van die Prokurasiekommissie op 29 Augustus 1890 gelei. Feitlik die hele oorspronklike Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom, met insluiting van ds C W du Toit asook 'n aansienlike getal lidmate te Pretoria, Standerton, Wakkerstroom (Engelbrecht 1941:14vv) en Ventersdorp (waar 'n volledige gemeente in 1892 tot stand gekom het — Botha 1992:40-45), het onder leiding van die Prokurasiekommissie uit die verenigde kerk getree.

In Julie 1890 het die heer A D W Wolmarans van Pretoria die leiding geneem om 'n kommissie te vorm om die 'protesterende en verongelijkte partij' te verteenwoordig. Die kommissie het die volgende prokurasie opgestel en vir ondertekening versprei:

> Wij de ondergetekenden respectievelijk Kerkeraden en Leden der Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek benoemen en stellen hiermede aan de wel Edele Heeren N M S Prinsloo, ouderling; M J Wolmarans, idem, H C Visser, A D W Wolmarans, J J Breytenbach, H J N Glas, Gert van Deventer, J T Maartens, J H Delarey, P L Bezuidenhout, M C Rijkaard, J J H Wolmarans, G J Engelbrecht om namens ons al onze belangen, hoe ook genaamd te behartigen aangaande onze rechten in en tot de eigendommen der Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek en verder onze rechten en belangen te behartigen in en aangaande de Vereeniging der Ned Herv Kerk en Ned Geref Kerk in de Zuid-Afr Republiek, en alle zoodanige stappen te neemen, in als buiten de Hoven dezer Republiek indien vereischt soowel gezegde vereeniging te ontbinden of ter zijde te zetten, met macht aan bovengenoemde Heeren en of meer personen aan hun toe te voegen om voormelde last ten uitvoer te brengen, ten voorschijnen, zoowel eischende als verwerende in hooger heroep te komen, rechterljke machtigingen te vragen, Agenten en Procureurs te benoemen, benoodigde akten en stukken te doen maken, te betekenen en te doen tekenen, en in het algemeen te doen datgene wat vereischt wordt; alles met de macht van plaatsbekleding, belofte van goedkeuring, schadeloosstelling en een billijke belooning in verband als rechten'.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

By ontvangs van die getekende prokurasies het die genoemde here hulle dan as Prokurasiekommissie gekonstitueer met N M S Prinsloo as voorsitter en A D W Wolmarans as sekretaris. Die Prokurasiekommissie het nou die leiding geneem om die protesterendes weer as Nederduitsch Hervormde gemeentes te organiseer en sodra kerkraadslede gekies en bevestig is, terug te tree.

Uit die optrede van die Prokurasiekommissie was dit duidelik dat hulle die kerkvereniging as voorlopig beskou het totdat die naam van die kerk vasgestel sou wees en dit sou óf Nederduitsch Hervormd óf Nederduitsch Gereformeerd moes wees. Enige ander naam was verbreking van die ooreengekome voorwaardes en daarom vernietiging van die vereniging. Volgens hulle oordeel was lidmate wat teen die naamvasstelling geprotesteer het, steeds trou aan die Nederduitsch Hervormde Kerk en, kragtens Artikel 3 van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van 1869, steeds lidmate van die Kerk. Die Prokurasiekommissie se oortuiging was dus dat hulle slegs die Nederduitsch Hervormde Gemeentes wat in die voorlopige verenigde kerk bly voortbestaan het, maar nou ontwrig is, moes reorganiseer (Botha 1969:119).

Die gemeentes wat saam so gereorganiseer sou word, was dan Nederduitsch Hervormde gemeentes met 'n ononderbroke regmatige en historiese lyn.

Hierdie siening van die Prokurasiekommissie was egter foutief op grond van die volgende redes:

* Die kerkvereniging as sodanig was nie 'n voorlopige saak nie. Hoewel die vasstelling van die naam voorlopig was en hoewel talle oortuig daarvan was dat dit 'n 'konditionele vereniging' was, vertel die feite 'n ander verhaal (Botha 1969:119-122).

* Die verenigde kerk was van die begin af 'n nuwe kerk wat tot stand gekom het deur die opheffing van die twee deelnemende kerke. Wie dus aan die vereniging deelgeneem het, het opgehou om lidmate van hulle oorspronklike kerke te wees en het lidmate van die nuwe kerk geword (Botha 1969:122-126).

* Die lede van die Prokurasiekommissie en almal wat die prokurasie onderteken het, het ongetwyfeld wel verenig en dus opgehou om lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk te wees (Botha 1969:127-197).

* Hieruit volg dan dat die oudlidmate van die Nederduitch Hervormde Kerk wat uit die verenigde kerk uitgetree of in werklikheid afgeskei het (Botha 1969:129) en apart georganiseer is, in der waarheid nog 'n nuwe kerk tot stand gebring het. Dat hulle hulleself Nederduitsch Hervormde gemeente genoem het, was streng gesproke onwettig en die Nederduitsch Hervormde Kerk wat deur die Konsulentsgemeente van Pretoria en andere wat nooit verenig het nie, voortgesit is, was die enigste wat histories en regmatig op die naam aanspraak gehad het.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Bogenoemde vier argumente word deur die hofuitspraak van 5 Junie 1893 in die Trichardsfonteinsaak oor die kerklike eiendomme duidelik bevestig (Botha 1961:1-18). Uit die uitspraak van die hof blyk dat die besluite van die twee Algemene Kerkvergaderings om die twee kerke op te hef *ultra vires* was. Verder bevestig die uitspraak dat die verenigde kerk wel van die begin af 'n nuwe kerk was en dat diegene wat deur die vereniging daarby aangesluit het, dus hulle oorspronklike kerke verlaat het, terwyl diegene wat nie verenig het nie, die voortsetting van die oorspronklike kerke was en dus ook die enigste was wat op die eiendomme aanspraak kon maak.

Die oprigting en optrede van die Prokurasiekommissie het dus tot gevolg gehad dat naas die Nederduitsch Hervormde Kerk, met ds Goddefroy as predikant wat histories en regmatig voortsetting was van die ou staatskerk van die Zuid-Afrikaansche Republiek, ook nog 'n viertal gemeentes tot stand gekom het wat in 'n losse verhouding tot mekaar gestaan het. Die vier gemeentes was:

* Potchefstroom: waar feitlik die hele oorspronklike Hervormde gemeente aan die verenigde kerk onttrek het met insluiting van ds C W du Toit wat reeds sedert 1883 predikant daar was (Engelbrecht 1942:111vv).

* Pretoria: waar op 24 Januarie 1891 'n gemeentevergadering onder leiding van die Prokurasiekommissie plaasgevind het en kerkraadslede verkies is. A D W Wolmarans, sekretaris en siel van die Prokurasiekommissie, het in 'n ernstige toespraak die doel van die vergadering verduidelik: 'Hy wijst er op dat de predikant en kerkeraad zich onder een ander kerkgenootschap hebben gesteld en dat wij nu verplicht zijn een kerkeraad te kiezen voor de Hervormde leden alhier' (Wolmarans s a:33). Die bedoeling was baie duidelik: ds H S Bosman en die kerkraadslede wat nie beswaar gehad het teen die vasstelling van die naam van die verenigde kerk as Nederduitsch Hervormd of Gereformeerd nie, het hulle daarmee by 'n nuwe kerk aangesluit en dus opgehou om lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk te wees. Ds C W du Toit is as konsulent aangewys (Engelbrecht 1955:92).

* Ventersdorp: waar op 20 Februarie 1892 'n Nederduitsch Hervormde gemeente los van die verenigde gemeente tot stand gekom het, met ds C W du Toit as konsulent (Botha 1992:40-45).

* Wakkerstroom: waar sedert Februarie 1892 ook weer 'n gemeente onder leiding van die Prokurasiekommissie georganiseer is met ds C W du Toit as konsulent (Engelbrecht 1941:21-24).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Volledigheidshalwe kan vermeld word dat daar aanvanklik ook te Standerton 'n groep lidmate hulle onder leiding van G J Engelbrecht by die Prokurasiekommissie aangesluit het. Reeds in Desember 1891 het hulle weer by die Nederduitsch Hervormde gemeente Standerton (Trichardtsfontein) waar ds Goddefroy predikant was, aangesluit. Hoewel hierdie vier gemeentes aanvanklik nie in een sinodale verband georganiseer was nie, is hulle tog as 'n eenheid gesien. Hulle was almal Nederduitsch Hervormd met ds C W du Toit óf as predikant óf as konsulent. In feite het daar dus twee Nederduitsch Hervormde kerke naasmekaar bestaan wat minstens 'n vreemdsoortige situasie geskep het. Kerkregtelik gesproke kon slegs die deel onder ds Goddefroy histories en regmatig daarop aanspraak maak dat hulle die voortsetting van die Nederduitsch Hervormde Kerk was. Ernstige konflik en stryd vanweë die eksklusiewe opeising van die naam was daar nie tussen die twee partye nie. Inteendeel, daar is genoegsame rede om te aanvaar dat dit deel van die gesamentlike strategie van die twee partye was om die Nederduitsch Hervormde Kerk te handhaaf en dit weer op te bou. Volgens A D W Wolmarans is daar reeds in 1889, kort na die vasstelling van die naam van die verenigde kerk as Nederduitsch Hervormd of Gereformeerd, samesprekings gevoer tussen hom en J M A Wolmarans as verteenwoordigers van die oud-Hervormdes in die verenigde kerk aan die een kant en ds M J Goddefroy en ouderling C J J Joubert van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die ander kant. Hierdie samesprekings het die volgende doel en uitkoms gehad:

> Op deze samekomst werden op vriendschappelike wijze plannen van aktie besproken, omdat wij elkander in onze gerechtvaardigde strijd tegen de Verenigden niet zouden hinderen. Het resultaat van deze samenspreking was, dat elk der twee partijen zijn stryd op eigen wijse sou voortzetten, ook in betrekking tot de eigendommen. Zodra deze laatste kwestie zou zijn opgelost, zou een plan worden beraamd, om de twee afdelingen van de Hervormde Kerk onder een kerkverband te brengen.
>
> (Wolmarans s a:64)

Hierdie byeenkoms het dus 'n jaar voor die oprigting van die Prokurasiekommissie plaasgevind en dit is 'n baie sterk moontlikheid dat die gedagte van die oprigting van die Prokurasiekommissie juis by die byeenkoms bedink en beplan is. Beide partye het immers dieselfde doel voor oë gehad, naamlik die handhawing van die Nederduitsch Hervormde kerk en die behoud en beskerming van die kerklike eiendomme. Voorlopig


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sou die twee partye 'ieder zijn eigen weg ... gaan en elkaar later ... ontmoeten over de kwestie van ineensmelting' (Wolmarans s a:65). Op die wyse is die dilemma en moontlike konflik van twee kerke met dieselfde naam voorkom en kon gepraat word van twee afdelings van dieselfde kerk.

Tog het daar toe reeds bepaalde spanninge bestaan wat probleme by eenwording kon veroorsaak. Dit was veral die geval te Pretoria. Wolmarans het dit so gestel:

> Het stond toch te vrezen, dat dit in Pretoria niet zo gemakkelik zou gaan, aangezien de aanval van Ds Bosman op Ds Goddefroy, omtrent diens leer, de gemeenteleden huiverig had gemaakt en gewone leken moeilik over de al of niet rechtzinnigheid van een predikant konden beslissen.
>
> (Wolmarans s a:64)

Ook aan die kant van die Nederduitsch Hervormde Kerk het daar bedenkinge oor die lojaliteit van die Prokurasiegroep bestaan, omdat hulle wel tot die vereniging bereid was. Latere gebeure, veral in Pretoria, maar ook in breër verband, wanneer teenstellende gedagterigtings binne die Nederduitsch Hervormde Kerk na vore kom, het getoon dat daar tog dieperliggende verskille tussen die twee partye bestaan het wat ernstige gevolge kon gehad het (Botha 1981:124-131).

Inderdaad kon die genoemde spanninge selfs tot die vorming van nog 'n afsonderlike kerk gelei het, veral as in gedagte gehou word dat reeds vroeg binne die viertal genoemde gemeentes 'n sterk besef was dat 'n behoorlike kerkverband tussen hulle moes bestaan. Dit is onder andere sterk aangevuur deur die skimpe uit die geledere van die verenigde kerk dat ds Du Toit as die enigste predikant 'geene synode heeft bij welke hij verantwoording schuldig is'. So het die kerkraad van Ventersdorp reeds op 17 Oktober 1892 besluit 'dat het noodzakelijk is dat de Ned Hervormde gemeenten thans onder bediening van ds C W du Toit zich bij elkander aansluiten in een kerkelijk verband' (Botha 1992:57).

Ook te Pretoria het die kerkraad op 14 November 1892, 13 Februarie 1893 en op 6 Mei 1893 oor die saak van 'n behoorlike kerkverband gehandel en is daar 'n soortgelyke besluit as te Ventersdorp geneem. Daar is selfs op 8 Mei 1893, toe die vergadering van 6 Mei voortgesit is, drie ouderlinge en twee diakens as afgevaardigdes na 'n Algemene Kerkvergadering aangewys.

Die konstituering van 'n eie Algemene Kerkvergadering en sodoende 'n eie sinodale verband was dus in vooruitsig. Indien die eenwording met die Nederduitsch Hervormde Kerk lank sou uitbly kon dit werklik daarop uitgeloop het dat hierdie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gemeentes in 'n afsonderlike verband los van die Nederduitsch Hervormde Kerk kon ontwikkel het. Die baie lang vertraging van die hofuitspraak in die toetssaak oor die kerklike eiendomme te Trichardtsfontein vanaf November 1892 tot 5 Junie 1893 het ook baie bygedra tot die vertraging van eenwording tussen die twee partye. Dit het weer die risiko van 'n ontwikkeling weg van mekaar ingehou.

## 5. AANLOOP TOT EENWORDING.

Gelukkig het die langverwagte hofuitspraak op 5 Junie 1894 die oomblik aangedui waarop met die planne tot eenwording begin kon word. 'n Viertal ampsdraers, naamlik ouderlinge C J J Joubert en F Boshoff van die Nederduitsch Hervormde Kerk en ouderlinge A D W Wolmarans en N M S Prinsloo van die 'Prokurasie-partij', het as beplanningskomitee vergader en besluit:

> ... dat de Prokuratie-partij zich moest konstitueren in een Alg Verg en een kerkelike kommissie kiesen, welken kerkelike kommissie der andere afdeling dan offisieel kon ontmoeten, om het punt in kwestie te bespreken, alsook te onderzoeken, of er soms moeilikheden in de weg stonden voor ineensmelting, waarna een gekombineerde Alg Verg opgeroepen worden'.
>
> (Wolmarans s a:66)

Hoewel daar in die besluit enersyds die gedagte opgesluit lê dat dit twee afdelings van dieselfde kerk was wat ineen gaan smelt, kan andersyds uit hierdie besluit afgelei word dat dit in feite om twee afsonderlike kerke gegaan het wat moes beslis oor 'n 'gelykberegtigde samegaan'. Vandaar twee afsonderlike Algemene Kerkvergaderings wat elkeen 'n eie kommissie aangewys het met die oog op gesamentlike voorbereiding vir ineensmelting en daarna gevolg deur 'n gekombineerde Algemene Kerkvergadering. Kerkregtelik gesproke is dit seker onhoudbaar dat daar binne dieselfde kerk wat binne dieselfde geografiese gebied bestaan twee afdelings, elk met 'n eie afsonderlike sinodale verband, kan bestaan. Een gemeente kan immers nie twee afsonderlike selfstandige kerkraadsvergaderings hê nie. Die argument kan seker ook geopper word dat hierdie gebeure nog 'n voorbeeld was van hoe 'argeloos die vadere oor die kerkregtelike aspekte van hulle optrede gedink het' (Pont 1964/65:161).

Hoe hierdie optredes en sienings ook al beoordeel mag word, het dit uitgeloop op 'n geslaagde eenwording of ineensmelting of vereniging wat vir die Nederduitsch Hervormde Kerk ten goede gekom het.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Op 2 Oktober 1893 het die gemeentes onder die Prokurasiekommissie wel 'n Algemene Kerkvergadering gekonstitueer en is daar ook formeel besluit tot toenadering met die Nederduitsch Hervormde Kerk (Wolmarans s a:66). Met die oog daarop is 'n kommissie benoem om 'n soortgelyke kommissie uit die Nederduitsch Hervormde Kerk te ontmoet om die nodige onderhandelinge te voer en voorbereidings te tref met die oog op ineensmelting. Ongelukkig kon die notule van die vergadering nie opgespoor word nie. Wat wel voorhande is, is 'n uittreksel uit die notule van 'n negetal 'instructien' wat deur die Algemene Vergadering aan sy kommissie gegee is waaroor daar klarigheid verkry moes word. Die kommissielede wat benoem is, was ouderlinge A D W Wolmarans, A J J Botes, D J Bodenstein en W J Klerk (Wolmarans s a: 67).

Op 12 Januarie 1894 het hierdie kommissie dan die kommissie uit die Nederduitsch Hervormde Kerk bestaande uit ds M J Goddefroy, ds Jac van Belkum, en G P Roets ontmoet. Hierdie gesamentlike kommissie het agter geslote deure op al die 'instructien' ingegaan en voorstelle op elkeen voorberei vir voorlegging aan die gekombineerde Algemene Kerkvergadering wat in vooruitsig gestel is (Wolmarans s a: 67).

Dit is merkwaardig dat daar van die kant van die Nederduitsch Hervormde Kerk nóg deur die Algemene Kerkvergadering nóg deur die onderhandelingskommissielede enige voorskrifte of voorwaardes ten opsigte van die eenwording gestel is. Dit wil voorkom of slegs die 'Prokuratie-party' probleme en onduidelikhede wou opklaar.

## 6. DIE GEKOMBINEERDE ALGEMENE KERKVERGADERING VAN 30 APRIL TOT 4 MEI 1894 TE PRETORIA.

Twee van die nege 'instructien' waarop die gekombineerde kommissie aanbevelings gemaak het, is onmiddellik na die vergadering van 12 Januarie geïmplimenteer. Punt nommer nege, naamlik 'Dat de onderhandelingen zullen voorgelegd worden aan de verschillende gemeentes ter goed of afkeuren', moes eerste uitgevoer word. So is byvoorbeeld reeds op 13 Januarie 1894 aan die gemeentevergadering van Ventersdorp verslag gedoen en is die gemeente se mening oor die voorgenome eenwording gevra. Die antwoord was ondubbelsinnig: 'De vergadering verklaart door op te staan dat het wenschelijk is dat de twee afdeelingen van de Herv Kerk één worden' (Botha 1992:57).

Punt agt van 'instructien' het die volgende sake gestel: 'De ineensmelting van de twee afdeelingen der Ned Herv Kerk geschied door oproepingen van den respectieve Scribas en door gemeenschappelijk kiezen van Voorsitter en Scriba voor de Algemene vergadering en dag en datum te worden bepaald door de beide Commissien'.

Aan hierdie punt is uitvoering gegee deur 30 April 1894 en volgende dae as datum vir die gekombineerde Algemene Kerkvergadering te bepaal. Alhoewel dit op die Algemene Vergadering geblyk het dat ouderling W G Klerk skriba van die Prokurasie-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kommissie nie presies volgens opdrag gehandel het nie, het die Algemene Vergadering tog die voorstel soos deur die kommissies voorgelê, bekragtig en daarmee het 'de beide afdeelingen onder een kerkverband' gekom (Wolmarans s a:68).

Op die betrokke Algemene Kerkvergadering is ds M J Goddefroy as voorsitter en ds C W du Toit as skriba verkies (Nederduitsch Hervormde Kerk 1894 = NHKA 1894 :3). Daarna is die 'Rapport van Commissie voor één Kerkverband' aan die orde gestel en punt vir punt indringend bespreek.

Die eerste punt van die 'instructien' het gelui: 'De commissie doe onderzoek naar de beschuldiging van Ds Bosman tegen Ds Goddefroy en doe rapport of verslag aan den respetieve kerkeraden'.

Dit is inderdaad waar dat Bosman met sy verdagmakende koerantartikel die Nederduitsch Hervormde Kerk ernstige skade berokken het en ds Goddefroy se 'rechtzinnigheid' ernstig onder verdenking geplaas het (Botha 1981:82vv).

Tog is dit vreemd dat die Prokurasiegroep nog teen die einde van 1893 'n ondersoek wou hê na die beskuldigings van Bosman teen Goddefroy. Inmiddels het Goddefroy immers in sy uitvoerige brosjure 'De Kerkkwestie, niet een Leer- maar een Levenskwestie' Bosman van 'n afdoende en volledige antwoord op al sy beskuldigings bedien (Botha 1981:82-92; Botha 1994:265-268; Goddefroy 1890). Trouens, volgens eie getuienis het A D W Wolmarans reeds in 1890 self tot die besef gekom: 'dat de leerkwestie van Ds Bosman niets anders was, dan een "gogga", met het doel de mensen tegen ds Goddefroy in te nemen ....' (Wolmarans s a:65).

Die Algemene Kerkvergadering het die bevinding in die rapport aanvaar, naamlik:

> Daar de Commissie ten volle overtuigd is dat Ds Goddefroy zich ten volle verantwoord heeft in zijn schrijven van de 'Levenskwestie' tegenover de buschuldigen hem ten laste gelegd door Ds Bosman in de nieuwsbladen
>
> (NHKA 1894:3).

In punt twee van die 'instructien' was die Prokurasiegroep se vereiste: 'Beide partijen moeten overeenkomen om zich bij de aannemen te houden aan het Kort Begrip zoo als het te vinden is achter in de Gesangboeken alsmede de vragen bij de bevestiging van lidmaten'.

Ook hierdie tweede vereiste het te make gehad met verdagmakery van Bosman teen Goddefroy oor 'n Kort Begrip wat hy in 1887 ten dienste van die kategese opgestel het en wat uit 81 vrae en antwoorde bestaan het asook drie vrae by die aflegging van geloofsbelydenis en vier vrae by die voorbereiding tot die Nagmaal (Botha 1976:41-


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

57). Die Algemene Kerkvergadering het oor hierdie punt 'n uitvoerige debat gevoer wat Goddefroy op 'n stadium laat verklaar het: 'dat hij nooit dat boekje zou opgesteld hebben had hij geweten dat daardoor zulk een storm zou ontstaan ...' (NHKA 1894:7).

Ook in hierdie geval is die Commissie se aanbeveling dat die besluit van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van 29 Mei 1890 aanvaar moes word goedgekeur, naamlik:

> Dat deze vergadering besluit als leerboek voor de NH Kerk de voorkeur te geven aan den Heidelbergschen Catechismus, daarbij het Ned Herv grondbeginsel in het oog houdende wil zij geen dwang aan de ander opleggen; maar acht het aanbevelenswaardig dat de leerboeken bij de NH Kerk, de Geref Kerk en bij de Ned Herv of Geref Kerk in gebruik, mits niet in strijd met Gods Woord en onze belijdenis schriften, door onze Kerkeraden worden erkend bij het onderzoek van de bekwaamheid van nieuwe lidmaten'.
>
> (NHKA 1894:4)

Ten opsigte van die vrae by aflegging van geloofsbelydenis is besluit om dit by 'n volgende Algemene Kerkvergadering weer te bespreek maar intussen dit aan die predikante oor te laat om dit in oorleg met die onderskeie kerkrade te reël (NHKA 1894:8).

Derdens het die 'instructien' gevra: 'Dat de Predikanten van het Hervormde Kerk het oude ondertekenenformulier van de oude Hervormde Kerkwet moeten onderschrijven' (NHKA 1894:8; Instructien 1893).

Die Prokurasiegroep was blykbaar bevrees dat di Goddefroy en Van Belkum 'n gewysigde formulier onderteken het. Dit was 'n ongegronde vrees, want hoewel in 1888 oorweging gegee is aan 'n veranderde formulier, is dit nooit amptelik bekragtig nie en het die formulier soos in die Kerkwet van 1869 opgeneem onveranderd bly voortbestaan (Botha 1981:68-69).

Oor punt vier wat gehandel het oor die vier vrae by die voorbereiding vir die Nagmaal en waar die Prokurasiegroep versoek het dat dit nagelaat moes word by gemeentes wat daar teen was en indien moontlik selfs in die geheel afgeskaf moes word, is besluit om dit toe te laat by gemeentes wat daarmee tevrede was en die saak dan weer by 'n latere Algemene Kerkvergadering verder te bespreek (NHKA 1894:8).

Punte 5, 6, en 7 het verval omdat dit oor sake gehandel het wat reeds voor die gekombineerde Algemene Kerkvergadering afgehandel is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Op die Algemene Kerkvergadering is nog twee verdere sake ter sprake gebring wat nie in die 'instructien' voorgekom het nie maar tog deur die twee kommissies bespreek is en waaroor aanbevelings gemaak is. Die eerste van hierdie sake het te make gehad met die posisie van ds C W du Toit binne die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Februarie 1888 het naamlik besluit om 'n aantal predikante, ouderlinge en diakens by name te noem wat 'door hun overgang naar de Ned Herv of Geref Kerk feitelijk hebben te zijn' (NHKA 1894:10). Onder die predikante wat genoem is was ook die naam van ds C W du Toit. In die geledere van die Prokurasiekommissiegroep en by ds Du Toit self het daar oor hierdie besluit ongelukkigheid bestaan. Wolmarans het die besluit van die Algemene Kerkvergadering van 1888 afgemaak as 'niet gerechtvaardigde aanmatiging' (Wolmarans s a:68).

Hierdie uitspraak van Wolmarans het berus op sy foutiewe siening dat die kerkvereniging voorlopig was en dat diegene wat geprotesteer het teen die naamsvasstelling, nooit opgehou het om lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk te wees nie. Die Prokurasiekommissiegroep het daarom daarop aangedring dat die besluit ten opsigte van ds Du Toit teruggetrek moes word. Volgens Wolmarans is die saak in 'n gees van toegeeflikheid bespreek en is daar aan die versoek van die Prokurasiekommissiegroep voldoen. Daarmee saam is die totale optrede van die Prokurasiekommissie deur die Algemene Kerkvergadering goedgekeur (Wolmarans s a:68; NHKA 1894:10).

Die tweede saak het gehandel oor die oor en weer preek van die predikante 'in de beide afdelingen der Herv Kerk'. In dié verband het die Algemene Kerkvergadering onder andere besluit:

> ... dat het plichtmatig en ook Christelijk is, dat alle predikanten van de Ned Herv Kerk in de Z A Republiek in alle Hervormde Kerken kunnen prediken ....'

en verder

> ... dat het aan de discretie van de verschillende Kerkeraden overgelaten worde om het prediken van predikanten in hunne gemeenten te regelen en altijd met de meeste voorzichtigheid te handelen, met het oog op de goede orde en rust in hunne respectieve gemeenten.
>
> (NHKA 1894:10-11)


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Inderdaad het die vereniging of ineensmelting op sinodale vlak sonder enige ernstige verskille of botsings verloop. Dit het sekerlik in 'n gees van toegeeflikheid geskied. Primêr kan dit seker toegeskryf word aan die vroeëre eenheid en aan die gemeenskap-like lojaliteit en trou teenoor die Nederduitsch Hervormde Kerk wat in hulle geestelike behoeftes voorsien het. Hulle gemeenskaplike doel was om die Nederduitsch Hervormde Kerk te handhaaf en weer op te bou. Tog is dit seker net so waar dat die grootste toegeeflikheid van die kant van die Nederduitsch Hervormde Kerk gekom het. Dit blyk uit die feit dat by al die onderhandelinge prakties al die vrae en eise van die kant van die Prokurasiekommissiegroep gekom het. Dit ten spyte van die feit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk wat voortgesit is deur diegene wat nooit verenig het nie, seker meer reg tot vrae en verwyte gehad het.

Om hierdie toegeeflike houding van die Nederduitsch Hervormde Kerk te verklaar moet veral gelet word op die houding en gesindheid van Goddefroy self. Waar sy houding ten opsigte van die verenigde kerk was dat 'den rechten van God geordineerden weg van zachtmoedigheid en vredelievendheid' bewandel moes word (Botha 1981:77), wou hy ook diegene wat wel verenig het maar in hulle harte nog 'Hervormd' gebly het, nie vervreem nie (Botha 1981:64).

## 7. EENHEID OP PLAASLIKE VLAK.

In drie van die vier gemeentes het die eenheid op plaaslike vlak geen probleme opgelewer nie. Te Potchefstroom en Ventersdorp het daar nie naas die Prokurasiekommissie-gemeentes ook nog gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk bestaan nie.

Te Potchefstroom het die hele oorspronklike Nederduitsch Hervormde Gemeente nie saam met ds C W du Toit tot die 'voorlopige vereniging' toegetree nie. 'n Groep lidmate na die Vaalrivier se kant het glad nie verenig nie en het hulle as die Nederduitsch Hervormde Gemeente Vensterskroon gekonstitueer (Engelbrecht 1942:116). Omdat hierdie gemeente ander grense gehad het, het dit bly voortbestaan nadat ds Du Toit se gemeente weer een geword het met die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit het sonder enige probleme geskied.

Ook te Ventersdorp was daar slegs die Nederduitsch Hervormde gemeente onder die Prokurasiekommissie. Bowendien was dit 'n vaste gebruik, dat selfs nog voor die ineensmelting van 1894 by elke kerkraadsvergadering van die gemeente, 'n kerkraadslid van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Lichtenburg, wat deel was van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat nie verenig het nie, teenwoordig was (Botha 1992:57).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In Wakkerstroom het die vereniging net so maklik verloop. In die gebied was dit die geval dat die Nederduitsch Hervormde Gemeente met ds Goddefroy as konsulent te Volksrust sy sentrum gehad het, terwyl die Prokurasiekommissie-gemeente met ds C W du Toit as konsulent se sentrum Wakkerstroom was (Engelbrecht 1941:24). Lank voor 1894 het hierdie twee kerkrade meermale gekombineerd vergader met óf ds Goddefroy óf ds Du Toit as voorsitter.

Te Pretoria was dit 'n totaal ander geval en het die ineensmelting of vereniging vir byna tien jaar uitgebly te midde van allerlei spanninge en onenigheid. Voor die kerkvereniging was daar twee Nederduitsch Hervormde Gemeentes wat presies dieselfde grense gehad het. Eerstens was daar die oorspronklike gemeente wat in 1855 gestig is en vanaf 1876 deur ds H S Bosman as predikant bedien is (Engelbrecht 1953:302 vv; Engelbrecht 1955:47-51). Hierdie gemeente het onder leiding van ds Bosman wel tot die verenigde kerk toegetree. Tweedens was daar die Konsulentsgemeente van Pretoria wat in 1869 tot stand gekom het en wat sy swaartepunte ten ooste van Pretoria gehad het met kerkplekke te Witfontein en Renosterpoort (Storm 1969:81-96). Hierdie gemeente het in geheel buite die kerkvereniging gebly en saam met ander lidmate wat ook nie verenig het nie, die Nederduitsch Hervormde Kerk ononderbroke voortgesit. Die betrokke gemeente het ook sy naam verander na die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria en vanaf 1886 was dit dan die enigste Nederduitsch Hervormde Gemeente met die distriksgrense van Pretoria as grense.

In 1891 is die saak egter gekompliseer toe diegene wat onder die Prokurasiekommissie uit die verenigde kerk getree het, hulleself gekonstitueer het as die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria onder konsulentskap van ds C W du Toit. In 'n sekere sin is die rolle so omgekeer. Die oorspronklike konsulentsgemeente was nou die gemeente Pretoria met ds Goddefroy as predikant en diegene van die oorspronklike gemeente Pretoria wat uit die verenigde kerk teruggetrek het, het nou 'n konsulentsgemeente gevorm.

Dit is interessant dat by die opening en konstituering van die gekombineerde Algemene Kerkvergadring van 1894 die afgevaardigde kerkraadslede heeltemal apart van mekaar genoem word, terwyl by die einde van die vergadering, waar die notule onderteken is, almal slegs onder een gemeentenaam geteken het (NHKA 1894:2, 15).

Dit was dan inderdaad ook die bedoeling dat dit een gemeente sou word. Dit het egter nie gou gebeur nie. Aanvanklik is die vertraging rondom die afhandeling van die eiendomskwessie te Pretoria aangevoer as rede vir die vertraging om te verenig. Gaandeweg het dit duidelik geword dat daar 'n dieperliggende oorsaak by die gemeente onder konsulentskap van ds C W du Toit was. Dit het geblyk dat daar by die gemeente om een of ander rede 'n weersin was om ds Goddefroy as hulle predikant te aanvaar.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Soos te begryppe het Goddefroy daarom ook van sy kant nie entoesiasties oor eenwording gereageer nie. Trouens hoe langer die ineensmelting uitgestel is, hoe meer het die konflikte toegeneem en hoe moeiliker het dit geword om eenheid te bewerk. Dit het ook aan die lig gekom dat die stroewe verhoudinge wat bestaan het ten nouste gekoppel was met 'n stroewe verhouding tussen A D W Wolmarans en ds Goddefroy. Dit het ook uitgekring na kleiner skermutselings tussen Goddefroy en ander voormalige Prokurasiekommissie-mense, soos ds C W du Toit en ouderling W G Klerk (Botha 1981:140vv). Wat presies die oorsaak van hierdie vertroebelde verhouding was, is nie duidelik nie en berus alleen op afleidings.

Uiteindelik het die vereniging te Pretoria eers in 1903 plaasgevind, maar nie sonder allerlei bittere onaangenaamhede, soos ander andere die tragiese gebeure dat ds Goddefroy as predikant van Pretoria ontslaan is en weer beroep moes word, maar toe as tweede predikant en op voorwaarde dat hy nie later as 11 Februarie 1907 sou aftree nie.

## 8. TEN SLOTTE

In feite was die gebeure van 1894 'n kerkvereniging tussen twee kerke wat weliswaar so na aan mekaar gestaan het dat hulle mekaar beskou het as twee afdelings van dieselfde kerk. Gelukkig het hierdie kerkvereniging, wat die finale bevestiging was dat die kerkvereniging van 1885 misluk het, geslaag, hoewel ook nie sonder stampe en stote nie. Dit het wel 'n verandering ten goede gebring vir die Nederduitsch Hervormde Kerk.

## Literatuurverwysings


Botha, S J 1961. Ontleding van die kerksaak van Trichardsfontein 1893. *HTS* 17/1, 1-18.

——— 1969. Die kerkregtelike posisie van die Prokurasiekommissie in die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk. *HTS* 25/2, 106-119.

——— 1981. *Ds Marié Joseph Goddefroy 1848-1920. Sy lewe en Betekenis.* Pretoria: HAUM

——— 1985. Die kerkvereniging, in *Almanak en Bybelse Dagboek.* Pretoria: Gutenberg.

——— 1992. *Nederduitsch Hervormde Kerk Ventersdorp*. Pretoria: Promedia.

——— 1994. Ortodoks as slagspreuk en liberaal as etiket. *HTS* 50, 257-271.

Engelbrecht, S P 1941. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Volksrust (Wakkerstroom)*. Pretoria: Wallachs.

——— 1942. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom.* Pretoria: J H de Bussy.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Engelbrecht, S P 1953. D*ie Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Kaapstad: HAUM/J H de Bussy.

Goddefroy, M J 1890. *De kerkkwestie niet een leer- maar een levenskwestie.* Den Haag: De Swardt en Zoon.

Notulen der Algemene Kerkvergadering van die Ned Herv of Geref Kerk. Mei 1890. (Notulen Prok Kom).

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Notulen van de Algemene Kerkvergadering 1894. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Pont, A D 1964/1965. Die vestiging van die Ned Hervormde Kerk in 1853 en die eerste afskeiding van Lydenburg in 1854 — kerkregtelike implikasies. *HTS* 20, 149-161.

——— 1968. Kerk en volk. *HTS*, 25/3 & 4, 202-220.

——— 1977. Was die optrede van die Konsulentsgemeente Pretoria in 1885 'kerkskeurend'? *HTS*, 33/3 & 4,27-37.

Pont, A D, Botha, S J & Storm, M J G 1986. *Gedenkalbum 1886-1986.* Pretoria: NHW Pers.

Pretorius, S P 1986. Die Kerkvereniging van 1885: Sy aanloop en mislukking. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Scholtz, G D s a: *Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1885-1910.* Kaapstad-Pretoria: NG Kerk Uitgewers.

Storm, J D 1969. Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorspruit, in Müller, J J P (red) 1969. *Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspruit 1869-1969.* Krugersdorp: NHW Pers.

Wolmarans, A D W s a. *Kerkhistoriese Feiten.* Pretoria/Amsterdam: J H de Bussy.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services